higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIKAAT (BEROEPSGERIG)

OPENBARE GESONDHEID
NKR VLAK 2

(9020012)

15 November 2022 (Y-vraestel)
13:00-15:00

Hierdie vraestel bestaan uit 8 bladsye.

348Q1N2215

Kopiereg voorbehou

TYD: 2 UUR
PUNTE: 150

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.

2. Lees al die vrae aandagtig deur.

3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Begin elke afdeling op ’n nuwe bladsy.

5. Gebruik slegs ’n blou of swart pen.

6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde gegee vir die volgende vrae. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK.

1.1.1 Vetsug word gemeet deur ...

A liggaamsmassa-indeks
B gewig
C sentimeters
D lengte en ouderdom

1.1.2 ...-gesondheid is ’n toestand van emosionele, sosiale en intrapersoonlike welstand.

A Verstandelike
B Fisiese
C Emosionele
D Sosiale

1.1.3 ’n Siekte wat die liggaam, gemoedstoestand, en gedagtes aantas, en affekteer hoe ’n persoon eet, slaap, oor hulself voel, en hoe hulle oor dinge dink.

A Diabetes
B Vetsug
C Hoë bloeddruk
D Depressie

1.1.4 Emosionele versteuring kan lei na ...

A sosiale gesondheid
B swak fisiese gesondheid
C geluk
D vreugde

1.1.5 ’n Voorbeeld van ’n nieoordraagbare siekte:

A TB
B Cholera
C Diabetes
D Malaria

1.1.6 Kankerselle wat versprei na ander dele van die liggaam word ... genoem.

A goedaardig
B gewas
C metastase
D leukemie

1.1.7 ’n Opsie vir die behandeling van kanker:

A ’n X-straal van die bors
B Chemoterapie
C Antibiotika
D Isolasie

1.1.8 Die gevaarlikste soort velkanker:

A Melanoom
B Leukemie
C Limfoom
D Karsinoom

1.1.9 ’n Siekte wat aan rook verwant is.

A Griep
B Allergie
C Emfiseem
D Ekseem

1.1.10 ’n Term wat gebruik word om longsiektes te beskryf.

A COPD
B ADHD
C HGH
D FSH

(10 × 1) (10)

1.2 Definieer die volgende terme:

1.2.1 Welstand

1.2.2 Gemeenskapswelstand

(3 × 2) (6)

1.3 Identifiseer VIER tipes omstandighede wat ’n gemeenskap se welstand affekteer en gee EEN voorbeeld by elke faktor. (4 × 2) (8)

1.4 Gee voorbeelde van hoe armoede ’n gemeenskap se gesondheid kan affekteer en verduidelik hoe hierdie faktore tot siekte of swak gesondheid lei.

(3 × 2) (6)

[30]

VRAAG 2

2.1 Lees die gedeelte hier onder en beantwoord die vrae.

COVID -19 PANDEMIE

COVID-19 is 'n aansteeklike siekte wat veroorsaak word deur 'n nuwe koronavirus met die naam SARS-CoV-2. Die WGO (Wêreldgesondheidsorganisasie of 'WHO') het op 31 Desember 2019 vir die eerste keer van hierdie nuwe virus geleer na 'n verslag van 'n tros nuwe gevalle van 'virale longontsteking' in Wuhan, China. COVID-19 word nou herken as 'n wêreldwye pandemie.

[Bron: *www.who.int/emergencies/diseases/novel-coronavirus-2019/question-and-answers-hub/q-a-detail/coronavirus-disease-covid-19*]

2.1.1 Wat beteken die term *aansteeklike siekte*? (4 × 1) (4)

2.1.2 Noem TWEE maniere waarop COVID-19 oorgedra kan word. (2)

2.1.3 Identifiseer VIER tekens en simptome van COVID-19. (4)

2.2 Tuberkulose (TB) is 'n oordraagbare siekte wat hoogs aansteeklik is en van persoon tot persoon versprei.

2.2.1 Lys DRIE maniere waarop hierdie siekte kan versprei. (3)

2.2.2 Noem die TWEE tipes TB. (2)

2.2.3 Lys VYF algemene tekens en simptome van TB. (5)

2.2.4 Hoe word TB gediagnoseer? (4)

2.2.5 Bespreek DRIE omstandighede wat na die ontwikkeling en verspreiding van TB lei. (3 × 2) (6)

[30]

VRAAG 3

3.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (3.1.1–3.1.10) in die ANTWOORDBOEK te skryf.

3.1.1 Epidemiologie is die studie in hoe siektes versprei word in die bevolking en die faktore wat hierdie verspreiding beïnvloed.

3.1.2 Bewaking is 'n openbare-gesondheidsingryping wat gesondheidsvoorvalle monitor deur die voortdurende insameling en analise van data.

3.1.3 Die voorkomsyfer help ons verstaan watter proporsie van die bevolking deur 'n siekte affekteer word binne 'n bepaalde tydstip.

3.1.4 Die ontstaansyfer is die hoeveelheid nuwe gevalle van 'n siekte wat plaasvind binne 'n bepaalde tydstip.

3.1.5 Die Millenniumverklaring was in 2010 geteken.

3.1.6 Die doel van menseregte en ontwikkeling is om die welstand en waardigheid van almal in die wêreld te verseker.

3.1.7 Geestesgesondheid word nie gesien as 'n openbare gesondheidskwessie nie.

3.1.8 'n Epidemie is 'n aansteeklike siekte wat nie baie mense affekteer nie.

3.1.9 Om 'n inenting te mis het nie negatiewe nagevolge nie.

3.1.10 Voorbeelde van gemeenskapsorganisasies is kerke, jeuggroepe, stokvels, en sportklubs.

(10 × 1) (10)

3.2 Vergelyk *kroniese-* en *akuutsiektes* in tabelformaat. (2 × 3) (6)

3.3 Die Millenniumontwikkelingsdoelwitte mik om ontwikkeling aan te moedig deur sosiale en ekonomiese omstandighede te verbeter.

3.3.1 Lys die SES Millenniumontwikkelingsdoelwitte. (6)

3.3.2 In jou opinie, het Suid-Afrika al die Millenniumontwikkelingsdoelwitte bereik? (4)

3.3.3 Wat dink jy is die uitdagings van openbare gesondheid in Suid-Afrika? (4)

[30]

VRAAG 4

4.1 Voltooi die volgende sinne deur 'n woord of woorde uit die lys hier onder te kies. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (4.1.1–4.1.10) in die ANTWOORDBOEK.

bloeddruk; dors; inentings; LMI of 'BMI'; WGO of 'WHO'; kroniese; akuut; glukose; vetsug; bestraling; ondervoeding; hipertensie; Tipe-2; Tipe-1; insulien; rabies hondsdolheid

4.1.1 ... is 'n toestand waar die bloeddruk in die arterieë aanhoudend hoër is as wat dit moet wees.

4.1.2 Aansteeklike siekte

4.1.3 Die krag waarmee die bloed teen die arterieë se mure druk soos dit deur hulle vloei.

4.1.4 Diabetes mellitus gebeur wanneer die liggaam nie ... normaal kan gebruik nie.

4.1.5 'n Teken van diabetes is ...

4.1.6 ... diabetes vind dikwels plaas in mense oor die ouderdom van 40 wat oorgewig is en nie oefen nie.

4.1.7 ... is 'n toestand waar 'n persoon te veel vet op hulle liggaam het wat lei na 'n toename in gesondheidsprobleme.

4.1.8 As 'n persoon nie genoeg kos eet nie, sal ... ontwikkel.

4.1.9 ... is 'n opsie vir kankerbehandeling.

4.1.10 Vetsugtig word deur ... gemeet.

(10 × 1) (10)

4.2 Noem DRIE oorsake van hoë bloeddruk. (3)

4.3 Noem TWEE tekens en simptome van depressie. (2)

4.4 Kanker is 'n siekte waar 'n abnormale sel wat onbeheerst skei en ander weefsel in die menslike liggaam kan indring.

4.4.1 Noem enige VYF tipes kanker en gee 'n kort beskrywing van die vroeë tekens. (5 × 2) (10)

4.4.2 Illustreer deur middel van 'n breinkaart hoe om kanker te voorkom. (5)

[30]

VRAAG 5

5.1 Kies die regte woord tussen hakies. Skryf slegs die woord langs die vraagnommer (5.1.1–5.1.5) in die ANTWOORDBOEK.

5.1.1 Welstand in jou (loopbaan/familie) is nodig om werk te doen wat sinvol en bevredigend is.

5.1.2 Die vier komponente van (gesondheid/welstand) is fisies, geestelik, sosiaal en emosioneel.

5.1.3 Die (WGO/WOG) definieer gesondheid as 'n volmaakte toestand van fisiese, geestelike, sosiale en emosionele welstand, en nie net die afwesigheid van siekte nie.

5.1.4 'n Persoon wat swak (gesondheid/welstand) het wys tekens en simptome.

5.1.5 Die vier komponente van gesondheid (hou verband met/verskil van) mekaar. (5 × 1) (5)

Kopiereg voorbehou

5.2 Lys die SES kategorieë van voedingstowwe wat die liggaam van kos kry. (6)

5.3 Lees die volgende gedeelte en beantwoord die vrae.


MIV

Menslike Immunogebreksvirus (MIV) is 'n virus wat die liggaam se immuunstelsel aanval. As MIV nie behandel word nie kan dit lei na VIGS (Verworwe Immunogebreksindroom). Daar is geen effektiewe entstof nie. As iemand MIV kry dan het hulle dit lewenslank, maar met behoorlike mediese sorg kan MIV beheer word. Mense met MIV wat effektiewe behandeling daarvoor kry kan lang en gesonde lewens lei, en hulle huweliksmaat beskerm.

[Bron: *www.cdc.gov/hiv/basics/whatishiv.html*]

5.3.1 Lys DRIE tekens en simptome van MIV. (3)

5.3.2 Gebruik die ketting van infeksie hier onder en pas dit toe op MIV. Skryf die antwoord langs die letter (a–f) in die ANTWOORDBOEK.



(6 × 1) (6)

5.3.3 Watter persepsies dink jy het mense van diegene wat MIV het? (3 × 1) (3)

5.3.4 In jou opinie, kan manlike besnyding besmetting met MIV voorkom? Staaf jou antwoord. (2)

5.3.5 Wat is die behandeling vir MIV? (1)

5.3.6 Ondersteun die volgende stelling:

Mense met MIV is ook vatbaar vir seksueel oordraagbare infeksies of 'STIs'. (2 × 2) (4)

[30]

GROOTTOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou